

---

## 'n Woord van AFRILEX

---

Die leksikografiese proses in Suid-Afrika het momentum in 1999-2000 verkry met 'n reeks aktiwiteite wat toegespits is op die stigting van woordeboekenheid vir die amptelike tale in Suid-Afrika. Daar lê egter 'n lang pad voor alvoren die samestelling van woordeboeke vir die elf amptelike tale net so gesofistikeerd sal wees as byvoorbeeld moderne woordeboeke vir Afrikaans, Engels, Duits, Frans, ens. Heelwat struikelblokke moet nog oorkom word veral ten opsigte van opleiding, rekenaarprogramme, gebruikersbehoeftes en burokrasie. Die African Association for Lexicography (Afrilex) loof hierdie inisiatiewe en neem aktief deel aan die proses ter ondersteuning van die inisiatiewe van die Pan Suid-Afrikaanse Taalraad en sal voortgaan met sodanige aktiewe betrokkenheid ten einde hierdie doelstellings te bereik.

Afrilex het vanjaar in Stellenbosch sy Vyfde Internasionale Kongres gehou en kyk dan ook met trots en dankbaarheid terug na vyf jaar waarin die vereniging gegroeи en sy regmatige plek ingeneem het tussen die ander leksikografieverenigings in die wêreld. Dit is grootliks te danke aan harde werk deur lede van die bestuur asook entoesiastiese ondersteuning deur lede van die vereniging. Die Sesde Internasionale Konferensie is geskeduleer vir 2-4 Julie 2001, en word georganiseer deur die Sepedi Woordeboekenheid aan die Universiteit van die Noorde in Pietersburg.

Afrilex is trots daarop om 'n tydskrif soos *Lexikos* as mondstuk te hê wat plaaslik en internasional erken word en moedig graag ons lede aan om artikels voor te lê vir publikasie. Afrilex kon tot dusver ook daarin slaag om jaarliks 'n eksemplaar van *Lexikos* gratis aan lede te versend en die bereidwil ligheid van die Buro van die WAT om die kostes so laag as moontlik te hou word opreg waardeer.

Daar word gepoog om lede deur middel van omsendbriewe en nuusbriewe voortdurend op hoogte van die vereniging se aktiwiteite te hou asook deur middel van die tuisblad:

[www.up.ac.za/academic/libarts/afrilang/homelex.html](http://www.up.ac.za/academic/libarts/afrilang/homelex.html)

Hierdie uitgawe van *Lexikos* bied weer eens puik leesstof aan ons lede asook aan andere wat belang het by woordeboekmaak en woordeboekgebruik.

Danie Prinsloo  
Voorsitter: AFRILEX

---

## A Few Words from AFRILEX

---

The lexicographic process in South Africa moved into high gear in the years 1999-2000 with a series of activities aimed at the establishment of lexicographic units for the official South African languages. There is, however, a long way to go before dictionary compilation for all of the eleven official languages will reach the level of sophistication of, say, modern dictionaries for Afrikaans, English, German, French etc. Many hurdles in respect of training, computer programs, users' needs and bureaucracy have to be overcome. The African Association for Lexicography (Afrilex) applauds these initiatives and actively participates in this process in support of the initiatives undertaken by the Pan South African Language Board and will continue to play an active role in reaching of these objectives.

Afrilex held its Fifth International Conference in Stellenbosch this year and looks back with pride and gratitude to five years during which the association has grown and taken its rightful place among the other lexicography associations of the world. This is a result of the hard work done by members of the management committee, as well as the enthusiastic support of the members of the association. The Sixth International Conference will be held from 2-4 July 2001, organised by the Sepedi Dictionary Unit based at the University of the North in Pietersburg.

Afrilex furthermore takes pride in having as its mouthpiece *Lexikos*, a journal which is recognised both locally and internationally. We would like to encourage our members to submit articles for publication in this journal. To date Afrilex has managed to send members a copy of *Lexikos* free of charge annually and the willingness of the Bureau of the WAT to keep costs at a minimum level is sincerely appreciated.

The association attempts to keep members informed about activities by means of circulars and newsletters as well as through our web site:

[www.up.ac.za/academic/libarts/afrilang/homelex.html](http://www.up.ac.za/academic/libarts/afrilang/homelex.html)

This issue of *Lexikos*, once again, offers excellent reading matter to our members and those interested in dictionary compilation and dictionary use.

Danie Prinsloo  
Chairperson: AFRILEX